Die versoek lui soos volg:

"Die Minister van Mannekragbenutting versoek die Loonraad kragtens artikel 15 (2) van die Loonwet, 1957, om die wenslikheid te oorweeg om—

(1) klousule 3 (1) van Loonvasstelling 359 Sementnywerheid, Republiek van Suid-Afrika, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 620 van 11 April 1974, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R. 1056 van 26 Mei 1978, verder te wysig ten einde die lone te verhoog wat daarin voorgeskryf word;

(2) enige ander bepalings van genoemde Vasstelling te wysig wat as gevolg van (1) gewysig moet word."

Verder word bekendgemaak dat vraelyste kragtens artikel 10 (1) van die Loonwet, 1957, aan werkgewers gestuur is om in te vul. Werkgewers wat nie vraelyste binne 14 dae na die datum van hierdie kennisgewing ontvang nie, moet asseblief die Sekretaris van die Loonraad in kennis stel.

The request reads as follows:

"The Minister of Manpower Utilisation requests the Wage Board in terms of section 15 (2) of the Wage Act, 1957, to consider the advisability of amending—

(1) clause 3 (1) of Wage Determination 359 Cement Manufacturing Industry, Republic of South Africa, published under Government Notice R. 620 of 11 April 1974, as amended by Government Notice R. 1056 of 26 May 1978, further in order to increase the wages prescribed therein;

(2) any other provisions of the said Determination which may require amendment consequent on (1)."

It is further notified that in terms of section 10 (1) of the Wage Act, 1957, questionnaires have been forwarded to employers for completion. Employers who do not receive these questionnaires within 14 days after the date of this notice, should please notify the Secretary of the Wage Board.

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 408 7 Maart 1980

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE LOKOMOTIEF CLARA BY DIE O'OKIEP COPPER COMPANY SE MUSEUM, OKIEP

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese stoomlokomotief bekend as Clara, by die ingang van die O'Okiep Copper Company se museum, Okiep, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese stoomlokomotief bekend as Clara, by die ingang van die O'Okiep Copper Company se museum, geleë op sekere stuk opgehefte erfpaggrond in die afdeling Namakwaland, genoem Lelykepad alias Nababeep (nou bekend as Nababeep 134). Transportakte 9350/1937, gedateer 3 September 1937 (paragraaf 86).

*Historiese en argitektoniese belang*

Clara is een die laaste oorblywende stoomlokomotiewe wat op die historiese trajek vanaf Okiep en Nababeep na Port Nolloth gebruik is vir die vervoer van kopererts. Hierdie lokomotief het vanaf 1890 tot 1941 diens gedoen. 10/2/766.

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 408 7 March 1980

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE LOCOMOTIVE CLARA AT THE O'OKIEP COPPER COMPANY'S MUSEUM, OKIEP

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of National Education, hereby declare the historic steam locomotive known as Clara, at the entrance to the O'Okiep Copper Company's museum at Okiep, to be a national monument.

*Description*

The historic steam locomotive known as Clara, at the entrance to the O'Okiep Copper Company's museum, situate on certain piece of abolished quitrent land in the Division of Namaqualand, named Lelykepad, alias Nababeep (now known as Nababeep 134). Deed of Transfer 9350/1937, dated 3 September 1937 (paragraph 86).

*Historical and architectural interest*

Clara is one of the last remaining steam locomotives used for conveying copper ore on the historic rail section from Okiep and Nababeep to Port Nolloth. The locomotive was used from 1890 to 1941. 10/2/766.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.

No. 409 7 Maart 1980

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE EIENDOM MET DIE GEBOU BEKEND AS DE POST HUYS DAAROP, TE MUIZENBERG

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom met die gebou bekend as De Post Huys daarop, te Muizenberg, tot nasionale gedenkwaardigheid.

No. 409 7 March 1980

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE PROPERTY WITH THE BUILDING KNOWN AS DE POST HUYS THEREON, AT MUIZENBERG

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of National Education, hereby declare the property with the building known as De Post Huys thereon, at Muizenberg, to be a national monument.